PLATINUM BUSHVELDER sports

# HFM AKADEMIE IS TOPS!

**Thabazimbi** – Die Hoërskool Frikkie Meyer (HFM) Graad 12 klas van 2019 het weereens bewys dat die skool se akademie van uitstaande gehalte is. Akademie bly die grondslag van HFM, wat steeds een van die toonaangewende skole in Limpopo bly in die opsig.

HFM is een van vier Waterbergskole wat uitgenooi was na die provinsiale toekenningsgeleentheid op Woensdag 8 Januarie.

Miné Lategan, die 2019 hoofdogter het die spoggeleentheid bygewoon.

Die skool spog met 'n slaagsyfer van 96.64% waarvan 65.75% van die groep universiteitstoelating het, 30.13% toegang tot diplomastudies en 4.10% toegang tot sertifikaatstudies.

Hul behaal ook 156 A-simbole, 162 B-simbole, 150 C-simbole en 202 D-simbole.

**Baie geluk aan die top presteerders:**

- Miné Lategan - sewe onderskeidings.
- Hugo van Niekerk - sewe onderskeidings.
- Teswell Cloete - sewe onderskeidings.
- Elize-Marie Coetzee - vyf onderskeidings.
- Lara du Plessis - vyf onderskeidings.
- Debbie Kuhn - vyf onderskeidings.
- Tacia van Wyk - vyf onderskeidings.
- Daneel Jacobs - vier onderskeidings.
- Tjaart Pelser - vier onderskeidings.
- Dirco Slabbert - vier onderskeidings.
- Sumarie Schutte - vier onderskeidings.
- Alwyn Burger - drie onderskeidings.
- Jo-Lize Butler - drie onderskeidings.
- Gerdie du Plessis - drie onderskeidings.
- Jani du Plessis - drie onderskeidings.
- Mijaenne Grové - drie onderskeidings.
- Christof Peyper - drie onderskeidings.
- Allanize Teessen- drie onderskeidings.


Miné Lategan


Hugo van Niekerk


Teswell Cloete

## LIMPOPO ACHIEVES 3.8% MATRIC PASS RATE IMPROVEMENT

**Thabazimbi** – The Limpopo Province's class of 2019 recorded a 3.8% improvement in the matric pass rate when compared the class of 2018.


This has given stakeholders in the education sector, particularly basic education minister Angie Motshekga, hope for further improvement in 2020 and beyond.

Announcing the national matric results on Tuesday 7 January in Johannesburg, Motshekga highlighted the positive aspects of Limpopo's performance.

"In 2019, a total of 156,884 distinctions were achieved. The main contributors towards passes with distinctions were KwaZulu-Natal with 41,910; Gauteng with 37,422; Western Cape with 24,704; Eastern Cape with 15,745 and Limpopo with 13,312," she said.

"It is remarkable to note that the Eastern Cape, KwaZulu-Natal and Limpopo, the three most rural provinces in the country, produced a combined total of 70,967 distinctions, which is equivalent to 45.2%," she added.

She explained that Limpopo, KwaZulu-Natal, Gauteng and Eastern Cape collectively registered the highest numbers of candidates who wrote matric examinations.


Relebohile Leromu from Northam Comprehensive High School in Limpopo was part of the class of 2019.

## RUGGA CHUNKS




Sowat vyftig duisend toeskouers het hulle pad meegemaak na die FNB Stadion in Soweto om hul helde in aksie te kom sien.

**Haaie vs. Stormers**

In die eerste wedstryd van die dag het die Haaie teen die Stormers gespeel - en die Kapenaars het 21-19 gewen.

Die Haaie se voorspelers was baie goed in die eerste helfte met die gewese Cheetah Ox Nché wat die Beast se rol goed vertolk het en gaan saam Thomas du Toit 'n paar ouens skrum dat hulle gaan knor ou grote.

Agterlangs vir die Haaie het die agterlyn getoon dat hulle meters van die veld gaan wen vanjaar. Mapimpi, Nkosi en Fassi was kookwater!

Die Haaie se *cappie* vir die 2020 superreeks is Lukhanyo Am, die Springbok senter.

Vir die Stormers was die buksie, Herschel Jantjies, die groot uitblinker op skrummie. Hy word ook beloon met twee puik drieë.

Daar was wel 'n paar groot name afwesig vir die Stormers. Pieter-Steph du Toit en Frans Malherbe se afwesigheid was gevoel. Dan het die Bok *cappie*, Siya Kolisi nie sleg gevaar op agtsteman nie.

**Leeus vs. Blou Bulle**

Die Leeus se afrigter, Ivan van Rooyen, was nou nie juis beïndruk met die *Jo'burgers* se insinking in die laaste 20 minute van die wedstryd nie en Bulle het met 40-35 gewen.

Voorlangs was dit 'n gelyke stryd maar die veteraan dr. Jannie du Plessis moes dalk liewers hospitaal diens gedoen het. Hy het maar swaar gekry in die vaste skrums.

Elton Jantjies het 'n baie goeie wedstryd gehad en het die rol as *cappie* goed vertolk. Dan Kriel, tweeling boetie van Jesse Kriel, was op senter kookwater vir die Leeus.

Vir die Bulle het Cornal Hendricks vir sy eerste keer in die 13-trui nie te sleg gedoen nie. Na 'n liederlike blaps met 'n oop doellyn voor hom het hy minute daarna vergoed om die wen drie vir die Bulle te gaan druk.

Die SA-spanne sal egter baie vinnig moet begin fokus om saam die groot honde te kan blaf in vanjaar se Superreeks.

Daan Human is aangewys as die Bokke se voorspeler-afrigter.

Die Blitsbokke is in Nieu-Seeland in aksie die naweek.

**Nag ou grote...**

Stuur jou event na news@platinumbushvelder.co.za ** Gratis Plasing!

# PLATINUM DAGBOEK

... Om jou te herinner van komende gebeure...

| FUNKSIE | DATUM | LOKAAL | KONTAK |
|---|---|---|---|
| Parkrun | 24 Jan '20 | Thabazimbi: Pondok | 084-510-0747 |
| WRSA Information & Training Day | 29 Jan '20 | Thabazimbi: Dries Visser Pure-Bred Game | 014-777-4000 |
| André Schwartz & Coenie de Villiers Live | 31 Jan '20 | Thabazimbi: Hoërskool Frikkie Meyer | 082-7874045 |
| HFM musiekaand | 31 Jan '20 | Thabazimbi: Hoërskool Frikkie Meyer | 082-7874045 |
| Lyon Lodge Vlooimark | 1 Feb '20 | Thabazimbi: Lyon Lodge | 076-427-5901 |
| KunsteGrot: Willie wil Wheelie | 8 Feb '20 | Thabazimbi: KunsteGrot | 083-744-8559 |
| Roger Federer vs Rafael Nadal | 7 Feb '20 | Cape Town | 011-467-9233 |
| Boeredag en Veiling | 15 Feb '20 | Thabazimbi: Skougronde | 073-676-7371 |